PRETORIA FM, 7 voor 7

Here, gee U dan nie om dat ons vergaan nie?

Dr Hannes Janse van Rensburg

Laat jouself toe om vanoggend vir ’n oomblik ongeveer 2000 jaar terug te gaan. Plaas jouself binne-in daardie klein, dobberende skuitjie op die See van Galilea. Hoor die gehuil van die yskoue wind. Voel hoe dit tot in jou murg sny. Hoor die gerammel van die donker water en sien die majestueuse golwe wat dreig om die skuitjie om te slaan. Dit is klaarpraat! Vandag gaan jy verdrink. Miskien sou jou eerste gedagte ook wees: “Here, gee U dan nie om dat ons vergaan nie?”

Dit is ’n merkwaardige vraag. Want agter hierdie woorde lê nie net vrees nie; daar is ook ’n gevoel van verlatenheid. Jesus, sien U nie wat met ons gebeur nie? Gee U dan nie om nie? Miskien kan ons vanoggend die storielyn na ons eie lewe deurtrek. Ons almal ken storms. Soms is dit storms van verlies, onsekerheid, bekommernis, siekte, finansiële druk of verhoudings wat swaar trek. Soms voel dit asof die golwe eenvoudig te groot geword het vir ons klein skuitjie. Dan onthou ons saam met die dissipels: *Jesus is in die skuitjie!*

Hulle draai na Hom toe. Jesus staan op en bestraf die wind en die see. En skielik word die wind stil en die water kalm. Daar is weer vrede. Daar is weer hoop. Die wonderwerk leer ons iets belangrik: Jesus is nie afwesig wanneer die storm woed nie. Hy is daar! Sy teenwoordigheid beteken nie dat ons nooit storms sal beleef nie. Dit beteken dat ons nooit alleen in die storm is nie.

Jesus self het die grootste storm van alle tye beleef. Aan die kruis het Hy uitgeroep: “My God, my God, waarom het U My verlaat?” Daarom weet Hy wat dit beteken om deur lyding en verlatenheid te gaan.

Dit is die kuns van die lewe: om ons aandag weg te dwing van die storm en dit te rig op God wat steeds in die skuitjie by ons is. Ons weet nie altyd wanneer die storm sal bedaar nie. Maar ons weet Wie saam met ons daarin is.

Daarom kan ons vanoggend met geloof sê: “God bly met ons, waar ons ook mag gaan. In gevare, angs en lyding bied sy almag ons bevryding – God bly met ons, waar ons ook mag gaan.” Dit is genoeg vir vandag: Die storm is nie groter as die Een wat saam met ons in die skuitjie is nie.

Dr Hannes Janse van Rensburg is voltyds predikant van die Hervormde Gemeente Zuurfontein in Kempton Park en deeltyds die Sentrum vir Gemeentelike Bediening se Interim fasiliteerder, begeleier en toerustings konsultant.